# Possible Answers March 2006 06

## Globale assessering van opstelle

Die opstelle sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele te merk. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om 'n argument te ondersteun. Van die leerder sal nie verwag word om slegs "feite" uit te spoeg om sodoende 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om "modelantwoorde" voor te berei en dit dan te reproduseer, sonder inagneming van die spesifieke vereistes van die vraag. Die holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening. Holistiese assessering, anders as inhoudgebaseerde nasien, penaliseer nie taalontoereikendhede nie, aangesien die klem op die volgende val:

- die konstruksie / daarstel van 'n argument;
- die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om so 'n argument te ondersteun; en
- die leerder se interpretasie van die vraag.

## Assesseringsprosedures van 'n opstel

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2. Met die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir
   'n relevante inleiding (in riglyne vir nasien/ memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   vir elke hoofmoment (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   'n relevante slotopmerking (in riglyne vir nasien memorandum aangedui met 'n 'bullet')
   bv. in 'n antwoord met 5 hoofmomente sal daar 7 regmerkies wees.

Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ∧
- verkeerde stelling ______________
- irrelevante stelling |

- herhaling **R**
- analiseer **A**√
- interpretasie I√

Met die eerste deurlees van die opstel word daar ook bepaal in watter mate die hoofmomente gedek is en die inhoudsvlak (op die matriks) word toegeken.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| | | |

Die tweede deurlees van 'n opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | |
| A | VLAK 1 | |

6. Ken 'n finale simbool en punt met behulp van die matriks toe.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 3 | B+ |
| A | VLAK 1 | 39 |

**Die matriks**

Die kriteria waarvolgens die opstel geassesseer sal word, is m.b.v. 'n matriks georden en die matriks sal gebruik word vir die toekenning van 'n simbool aan 'n opstel. Beide die inhouds- en aanbiedingsasse is in agt vaardigheidsvlakke verdeel. Elke vlak met sy kriteria wat gebruik sal word om 'n opstel te assesseer.

| AANBIEDING<br><br>INHOUD | **VLAK 1**<br>Volg 'n onafhanklike en relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Uitstekende tegniese vaardig-hede en bewyse. | **VLAK 2**<br>Volg 'n relevante gedagterigting. Het geanaliseer en historiese verklarings gemaak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Minder belangrike foute. | **VLAK 3**<br>Volg 'n relevante gedagterigting. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Goed beplande en gestruktureerde opstel. Strukturele gebreke. Hoë orde vaardighede ontbreek. | **VLAK 4**<br>Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Poog om te analiseer en historiese verklarings te maak. Opstel in 'n sekere mate beplan en gestruktureerd. | **VLAK 5**<br>Probeer om 'n gedagterigting vol te hou. Analise en historiese verklarings in 'n sekere mate toegepas. Poog om te struktureer. Tegniese gebreke. | **VLAK 6**<br>Gedagterigting word nie volgehou nie. Analise en historiese verklarings soms of glad nie gemaak nie. Geen duidelike struktuur nie. | **VLAK 7**<br>Geen gedagterigting nie. Geen analise en historiese verklarings gemaak nie. Geen struktuur nie. | **VLAK 8**<br>Geen poging om die vraag te beantwoord nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 1**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie is ten volle relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | **A+**<br>**47 - 50** | **A**<br>**43 - 46** | **A-**<br>**40 - 42** | | | | **A: 160 – 200**<br>**B: 140 – 159**<br>**C: 120 – 139**<br>**D: 100 – 119**<br>**E: 80 – 99**<br>**F: 67 – 79**<br>**FF: 60 – 66**<br>**G: 50 – 59**<br>**GG: 40 – 49**<br>**H: 0 – 39** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie is relevant tot gedagterigting wat gevolg is. | **A**<br>**43 - 46** | **A-**<br>**40 - 42** | **B+**<br>**38 - 39** | | | | | |
| **VLAK 3**<br>Vraag in 'n groot mate beantwoord. Inhoud voldoende gedek en relevant. | **B+**<br>**38 39** | **B**<br>**36 - 37** | **B-**<br>**35** | **C+**<br>**33 - 34** | | | | |
| **VLAK 4**<br>Gestelde vraag is herkenbaar in antwoord. Gebreke tov inhoudseleksie en beheer. Effens onvoltooid en irrelevante inhoudseleksies. | | | **C+**<br>**33 - 34** | **C**<br>**31 32** | **D+**<br>**28 - 29** | | | |
| **VLAK 5**<br>Feite hou verband met die vraag, maar beantwoord dit nie. Gebreke t.o.v. omvang en beheer. | | | | **C-**<br>**30** | **D**<br>**26 – 27** | **E+**<br>**23 – 24** | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **D-**<br>**25** | **E**<br>**21 - 22** | **E-**<br>**20** | |
| **VLAK 7**<br>Vraag ontoereikend of glad nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Grootliks irrelevant. | | | | | | **E-**<br>**20** | **F**<br>**13 – 19** | |
| **VLAK 8**<br>Geen relevante inhoudseleksie nie. Heeltemal foutief. | | | | | | | | **G 07 - 12**<br>**H 00 - 06** |

- **NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'n SPESIFIEKE SENTRUM IN GEBRUIK IS.**

- **KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING OF SAMEVATTING Hê AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'n RIGLYN VIR NASIEN VAN 'n SPESIFIEKE OPSTEL.**

## AFDELING A: OPSTELVRAE

## VRAAG 1A: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Die verwerwing van soewereine onafhanklikheid vir Suid-Afrika was die hoogtepunt van Generaal JBM Hertzog se termyn as eerste minister.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou standpunt.

SINOPSIS

Die kandidaat moet aandui tot watter mate hy/sy met die stelling saam stem of van die stelling verskil. Die kandidaat moet aandui dat Hertzog die gebeure gebruik het om SA tot sowereine onafhanklikheid te beweeg en dat hy in 1934 daarin geslaag het om SA se sowereine onafhanklikheid te vestig. Dit is egter ook belangrik om aan te dui dat die ekstreme Afrikaner nasionaliste 'n republiek wou hê wat heeltemal onafhanklik van Brittanje was.

*NB:Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet hul standpunt stel. Dit moet gaan oor hoe suksesvol Hertzog was om SA se sowereine onafhanklikheid teen 1934 erken te gekry het.

  UITBREIDING

- Die posisie van die dominiums toe Hertzog in 1924 aan bewind gekom het (volgens wet was hulle aan Brittanje ondergeskik en Hertzog was vasbeslote om die situasie te verander).
- Hertzog het die Rykskonferensie van 1926 gebruik om duidelikheid oor die posisie van SA en die dominiums te kry.
- Die Balfourverklaring van 1926 (Het die status van SA en die ander dominiums gedefinieer en verhoog; Hertzog het 'n belangrike rol hierin gespeel)
- Die stigting van die Departement van Buitelandse Sake het aan SA die geleentheid gebied om sy onafhanklikheid te bewys.
- Die Statuut van Westminster, 1931 was 'n Britse wet wat die beginsels van die Balfourverklaring vervat het;
- Die Status en Seëlwette, 1934 (onder die leierskap van Hertzog is hierdie twee Suid-Afrikaanse wette deurgevoer om SA se onafhanklikheid, soos deur die Statuut van Westminster gedefinieer, te beskerm.
- Ekstreme Afrikaner nasionaliste wou 'n republiek hê wat totaal onafhanklik was van Brittanje.

- Samevatting
  Kandidate moet hulle argumente saamvat deur aan te dui hoe suksesvol Hertzog was in die verkryging van SA se sowereine onafhaklikheid wat in 1939 erken is.

**[50]**

## VRAAG 1B: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

Die mislukking van die politieke troue tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party was nie onverwags nie.

Assesseer die geldigheid van die stelling deur relevante bewyse uit die periode 1929 tot 1939 te gebruik.

SINOPSIS

Die kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of van die stelling verskil. Hulle moet hulle redes verduidelik. Die ooreenkomste en verskille in beleide (ideologieë) van die partyleierskap, voor en na die vestiging van die Party moet ondersoek word asook die mate waarin verskille uitgestryk of geïgnoreer is. Kandidate moet aandui waarom die opbreking ('split') in 1939 onvermydelik was.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui waarom die Verenigde Party gevorm is en of ideologiese verskille tot die opbreking ('split') gelei het.

UITBREIDING

- Die regering het steun verloor toe die ekonomie na die Groot Depressie gedaal het; het die goue standaard verlaat
- Hertzog het geglo dat 'n koalisie-regering die ekonomiese probleme sou kon oplos
- Koalisie het ideologiese verskille blootgelê
- Samesmelting – die voming van die Verenigde Party
- Ideologiese verskille het in die Verenigde Party na samesmelting gebly
- Politieke herskikking het as gevolg van idiologiese veskille voorgekom
- Spanning tussen Engelssprekende en Afrikaanssprekende lede van die parlement aangaande die invloed van Afrikanernasionalisme
- Spanning binne in die VP oor rassebeleide aangesien sommige lede teen segregasie gekant was
- Toe die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek het, het ideologiese verskille tot die opbreking ('split' in die VP in 1939 gelei (neutraliteit vs. deelname) - as gevolg van die VP se getrouheid aan Brittanje

- Samevatting: Vat die argument saam deur aan te dui dat die fondasie van die VP wankelrig was (of nie) en dat die opbreking onvermydelik was. **[50]**

**VRAAG 2A: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Die Nasionale Party het geslaag in sy begeerte om Suid-Afrika 'n republiek te maak, maar het misluk in sy poging om Suid-Afrika as lid van die Britse Statebond te behou.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die periode 1948 tot 1961.

SINOPSIS

Kandidate moet regdeur hulle antwoord verwys na die rolle wat die verskillende ministers (Malan, Strijdom en Verwoerd) gespeel het en hoe Verwoerd misluk het om SA lid van die Britse Statebond te behou het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet aandui hoe hulle die vraag gaan beantwoord en wat hulle argumentslyn gaan wees.

UITBREIDING

- Ontwikkelings onder D F Malan, 1948 -1953 (fokus op die breek van bande met Brittanje deur klein grondwetlike veranderinge)
- Ontwikkelings onder J G Strijdom, 1953 -1958 (beklemtoon die simboliese veranderinge wat bekendgestel/ingelyf is (bv. vlag, stem, amptelike terme gebruik, ens.)
- Ontwikkelings onder H F Verwoerd, 1958 -1961(besluit om 'n republiek te skep en die onttrekking uit die Britse Statebond)

- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saam vat deur aan te dui dat die Nasionale Party daarin geslaag het om SA 'n republiek te maak, maar misluk het om SA in die Britse Statebond te gehou het.

**[50]**

**VRAAG 2B: DIE PERIODE 1948 TOT 1976**

Dit was nie soseer die druk van die buitelandse magte wat opgebou het nie, maar eerder die weerstand in Suid-Afrika wat tot die vernietiging van apartheid gelei het.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou antwoord deur relevante bewyse uit die periode 1960 tot 1976 te gebruik.

SINOPSIS

Die kandidate moet aandui of hulle saamstem of verskil. Hulle moet hulle argumentslyn ondersteun of dit die binnelandse gebeure of buitelandse magte was wat gelei het tot die vernietiging van apartheid of 'n kombinasie van beide. Die buitelandse magte sluit die gewapende stryd in terwyl die binnelandse gebeure uit die politieke organisasies en studenteopstande binne die land bestaan.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding - Kandidates moet standpunt inneem en aandui of die binnelandse - of buitelandse gebeure of 'n kombinasie van beide 'n hoofrol gespeel het in die vernietiging van apartheid.

UITBREIDING

- ANC-weerstandtaktieke voor 1958 en die stigting van die PAC
- Sharpeville (1960) en sy nadraai
- Die vebanning van weerstandsbewegings en opsluitings/detensies sonder verhoor
- Die vorming van *Umkhonto we Sizwe* en POQO
- Liliesleaf Plaas en die Rivonia-verhoor
- Die Algemene Wette (Wysigings-)wet
- Die Afrika-Weerstandsbeweging (AWB), die Swart Bewustheidsbeweging (SBB), die Suid-Afrikaanse Studente-organisasie (SASO), ens.
- Soweto, 1976
- Wanordelike Verenigingswet ('Riotous Assemblies Act'); verdere verbannings; 'n ander Noodgeval

- Samevatting: Moet die argument saamvat en aandui of die buitelandse – of binnelandse magte of 'n kombinasie van beide tot die vernietiging van apartheid gelei het **[50]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 3A: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Die inwerkingstelling van die driekamer-grondwet in 1983, was 'n verdoeselde (bedekte) poging van die Nasionalistiese Regering om vol te hou met blanke oorheersing.

Assesseer hierdie stelling krities deur na die periode 1983 tot 1989 te verwys.

SINOPSIS

Die kandidate moet hulle standpunte aandui. Hulle moet aandui of die inwerkingstelling van die driekamer-grondwet tot binnelandse weerstand en internasionale druk tydens hierdie periode gelei het. Die werklike goeie kandidaat sal die een wees wat ook sal aandui hoe suksesvol die binnelandse weerstand en internasionale druk was omdat dit 'n einde aan apartheid gebring het.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui of die inwerkingstelling van die driekamer-grondwet gelei het tot die binnelandse weerstand en internasionale druk tydens hierdie periode. Kandidate kan ook aandui hoe suksesvol die weestand en druk teen Botha se regering was.

UITBREIDING

- Repressie en hervorming (1983 grondwet) vir die stel van die toneel vir weerstandsgolwe binne die land
- Weerstand – (rollende massa-aksie; die vorming en rol van die VDF ('UDF') in die weerstand teen hervorming)
- Weerstand – (rol van ander organisasies, bv. Nasionale Forum, AZAPO, 'BCM', stadsgemeenskap/gemeenskap/godsdienstige organisasies, ens. om hervorming teen te staan)
- Die heffing van die noodtoestand (redes en reaksie)
- Die nood van die 'MDM' - 1985
- Internasionale druk (impak van sanksies deur die internasionale gemeenskap)

- Samevatting: Kandidate moet hulle argumente saamvat en aandui of the inwerkingstelling van die driekamer-grondwet gelei het tot interne/binnelandse weerstand en internasionale druk tydens hierdie periode. Kandidate kan ook aandui hoe suksesvol die weerstand teen en druk op Botha se regering was. **[50]**

*Kopiereg voorbehou* 

**VRAAG 3B: DIE PERIODE 1976 TOT 1994**

Met Nelson Mandela se vrylating uit Robbeneiland en later Pollsmoor in 1990, het Suid-Afrika op die drempel van 'n nuwe era in sy geskiedenis gestaan.

Is dit 'n geregverdige assessering? Motiveer jou antwoord deur krities te verwys na die politieke gebeure wat in die periode 1990 tot 1994 plaasgevind het.

SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe Mandela se vrylating uit Pollsmoor 'n nuwe era in Suid-Afrika se geskiedenis gemerk het. Die kandidate moet op politieke gebeure, soos die vrylating van politieke gevangenis vanaf 1990 vorentoe en die gevolglike onderhandelinge fokus.

*NB: Die hoofaspekte (bullets) moet gebruik word om aan die vraag en vereistes te voldoen en om 'n relevante gedagterigting te ontwikkel. Die blote neerskryf van 'feite' is onvoldoende.*

HOOFASPEKTE

- Inleiding: Die kandidate moet op politieke gebeure, tussen 1990 en 1994, wat die begin van 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis aandui, fokus.

  UITBREIDING

  - Redes vir die onderhandelingsproses (De Klerk se toespraak - draaipunt)
  - Onderhandelingsproses, bv. Grootte Schuur Minuut, die Pretoria Minuut, CODESA I & II (stel die toon om die demokratiese 'wonderwerk' te verwesenlik)
  - Hindernisse tot onderhandelinge, bv. te voorskyn kom van 'COSAG', geweld in Boipatong, Natal en elders, regse aktiwiteite, ens. (toon hoe dat dit amper die proses laat ontspoor het)
  - Politieke magspel, persoonlikheidsbotsings (Mandela - De Klerk; Buthelezi; regse organisasies)
  - Versterking van onderhandelinge (rol van Cyril Ramaphosa en Roelf Meyer), kompromie en verbintenis/oorgawe
  - Die eerste demokratiese verkiesing van April 1994 (demokratiese 'wondewerk')
  - Mandela, die eerste President van 'n demokratiese Suid-Afrika

  - Samevatting: Vat die argument saam deur aan te dui hoe politieke gebeure tussen 1990 en 1994 'n waterskeiding in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

### DIE NASIEN VAN BRONGEBASEERDE VRAE

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet toegeken word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- By die toekenning van punte moet seker gemaak word of daar aan die vereistes van die vraag voldoen is of nie.
- In hierdie riglyne vir nasien word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van vraagstelling aangedui in kursiefgedrukte skrif.

| VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAAGSTELLING | |
|---|---|
| **VLAK 1 (V 1)** | Seleksie/ onttrekking van inligting uit bronne. |
| **VLAK 2 (V 2)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 3 (V 3)** | Eenvoudige interpretasies deur gebruik te maak van meer as een bron en breëre kennis om bewys te lewer van begrip oor die periode/ onderwerp/ saak. |
| **VLAK 4 (V 4)** | Komplekse interpretasies wat dikwels meer as een bron behels. Hierdie vrae konsentreer op aspekte soos bevooroordeeldheid, betroubaarheid, die gebruik van organiseringsbegrippe (ooreenkoms en verskil, oorsaak en gevolg, chronologie; verandering en kontinuïteit) om kontraste, vergelykings en verskillende standpunte te verduidelik en as 'n finale stap om hierdie insigte aan te wend om 'n paragraaf te skryf of, met ander woorde, om 'n stukkie geskiedenis te skryf wat gebaseer is op bewyse uit die bronne. |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 4: DIE PERIODE 1924 TOT 1948

### 4.1 HOE HET DIE OORLOGSJARE (1939 – 1945) AFRIKANER- EN 'AFRICAN'-NASIONALISME IN DIE 1940's BEÏNVLOED?

4.1.1 a) [*Interpretasie van Bron 4A – L 3*

- Omdat Malan se Apartheidsbeleid amper soortgelyk was aan Fascisme en Nazisme
- Die kenmerke daarvan was om teen ander rassegroepe, soos die Afrikane, Indiërs en Kleurlinge en, in Duitsland die Jode, te diskimineer en hulle te onderdruk
- Dit was ook op die skep van 'n superras gebaseer (Duits-Ariër ras) (2)

b) [*Evaluering en interpretasie van Bron 4A – L 4*]

**Die spotprent is tot 'n sekere mate korrek**

- Omdat sommige andersdenkende Afrikaners, wat teen Smuts se beleid was, Hitler se ekonomiese beleid bewonder het
- Sommige soos Osward Pirow het die Nazi-party in Duitsland besoek
- 'n Bende Afrikaners wat die Jode by die hawe gekonfronteer het, toon hulle steun aan Hitler

**Dit is nie akkuraat nie**

- Afrikaner-nasionalisme, insluitend die vestiging van die *Herrenvolk* was, tot 'n sekere mate, op Christelike nasionalisme gebaseer.
- Die Afrikaner-nasionalisme het lank voor die verskyning van Fascisme in die wêreld, begin. (2 x 2)

4.1.2 a) *[Onttrek inligting en gebruik breër kennis uit Bron 4B]*

- Die Jode het gevlug van Hitler se te velde trekkery teen hulle
- Die meeste van hulle was of sleg behandel of doodgemaak (2 x 2)

b) [*Interpretasie van Bron 4B – L 2*]

- Hulle is deur 'n bende Afrikaners, wat teen hulle aankoms geprotesteer het, gekonfronteer
- Die Jode was verbysterd deur hierdie konfrontasie (2 x 2)

c) [*Interpretasie van Bron 4B – L 3*]

- Sommige Afrikaners het 'n antisemitiese houding, wat deur Hitler aangeneem is, nageboots
- Afrikaner-nasionalisme is deur Duitse nasionalisme gevorm
- Die skepping van die meesterras was ook rondom die Duitse Arian-ras geskilder
- Hulle het Duitsland tydens die Tweede Wêreldoorlog ondersteun (2 x 2)

d) [*Interpretasie van Bron 4B - L3*]
- Dit is 'n gevoel van haat teenoor Jode
- Duitsland was 'n fascistiese staat en het teen ander rasse soos – Jode en Swartes - gediskrimineer
- Baie Jode is doodgemaak, sleg behandel en teen gediskrimineer (2 x 2)

e) [*Interpretasie van Bron 4B - L2*]
- Omdat hulle vry wou wees van die Britse imperialisme
- Sommige Arikaners het Hitler se ekonomiese program bewonder
- Sommige het 'n antisemitiese houding aangeneem
- Sommige het die idee van die meesterras nageboots en het hulle aldus met die Duitse doel geassosieer (2 x 2)

f) [*Interpretasie van Bron 4B - L3*]
- Die hoofidee was om tot terreuraktiwiteite toe te tree om onafhanklikheid te bereik
- Om die Suid-Afrikaanse oorlogspoging teen te werk
- Om Afrikaner-nasionalisme te laat herontwaak (2 x 3)

g) [*Interpretasie van Bron 4B - L4*]

**Een standpunt**
- Dit was 'n fascistiese organisasie omdat dit terreur taktieke gebruik het om sy doelwitte te bereik en dit was een van die kenmerke van Fascisme in die 1930's en 1940's.
- Dit was slegs gemoeid met Afrikaners en het nie vir die regte van ander rassegroepe omgegee nie, soos in Duitsland

**'n Ander standpunt**
- Dit was 'n bevrydingsmag vir die Afrikaners omdat dit ten doel gehad het om hulle van Britse imperialisme te bevry. (1 x 2)

4.1.3 a) [*Onttrek inligting uit Bron 4C - L1*]
- Omdat die regering die instromingsbeheerregulasies verslap het
- Omdat daar baie poste vakant was omdat blankes by die weermag aangesluit het (2 x 1)

b) [*Interpretasie en analise van Bron 4C - L4*]
- Die kommunisteparty het stakings, boikotte en wegblyaksies aangepraat/voorgestaan
- Dit het 'n klassestryd teen kapitalisme gevoer
- Nie-Europese Eenheidsliga het nie-samewerking en boikotte voorgestaan/voorgepraat
- Die Afrikaanse Mynwerkersunie het stakings waardeer (3 x 2)

4.1.4 [*Interpretasie, analise en kommunikasie van alle Bronne L4*]
Die paragraaf moet die volgende insluit:

- Afrikaner-nasionalisme
- Ossewa Brandwag
- 'African'-nasionalisme
- ANC Jeugliga
- Nie-Europese Eenheidsliga (Non European Unity League)
- Kommunisteparty van Suid-Afrika

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen<br>• of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **0 – 3 punte** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **4 – 6 punte** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. | **7 – 10 punte** |

(10)
**(50)**

*Kopiereg voorbehou*

## VRAAG 5: DIE PERIODE 1948 TOT 1976

### 5.1 WAT MAAK DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VAN NASIONALE BELANG VIR DIE MENSE?

5.1.1 a) *[Onttrek inligting/bewyse uit Bron 5A – L1]*

- Om 'n nasionale konferensie byeen te roep ('The Congress of the People')
- Om 'n Vryheidsmanifes op te stel (2 x 1)

b) *[Interpretasie van inligting/bewyse uit Bron 5A – L3]*

- Om 'n einde te bring aan rassesegregasie (apartheid)
- Wou 'n demokratiese Suid-Afrika vestig wat op die beginsels van die vryheidsmanifes gebaseer is (2 x 2)

c) *[Onttrek inligting uit Bron 5A – L2 en interpreteer dit]*

- Lede by die konferensie het ZK Matthew se voorstel aanvaar
- Die 'Congress of the People' is met 'n uitvoerende komitee gestig
- Hulle taak was om die Vryheidshandves op te stel (2 x 2)

d) *[Interpretasie van bewyse uit Bron 5A – L3]*

- Dit was die eerste keer dat 'n doelbewuste poging aangewend is om al die mense van Suid-Afrika te verenig (die verskillende rasse)
- Dit het tot die vorming van die 'Congress of the People' gelei
- Het die fondasie vir die Vryheidsmanifes gelê
- Die huidige Suid-Afrikaanse grondwet is grootliks op die Vryheidshandfes se beginsels gebaseer (enige 3 x 2)

e) *[Ontleding en interpretasie van bewyse uit Bron 5A – L3]*

- Hulle het demokratiese metodes gebruik
- Vraelyste en vrywilligers het regdeur Suid-Afrika gegaan (plattelandse en stedelike gebiede) om mense se eise in te samel
- Gebaseer op kiesersvlakondersteuning, mag het van onder af boontoe oorgegaan
- Die Vryheidshandves was aldus opgetrek met insette van alle demokratiese organisasies regdeur Suid-Afrika
- Die metodes wat gebruik is reflekteer die konsep van demokrasie in aksie (3 x 2)

5.1.2 *[Interpretasie van Inligting/bewyse uit Bron 5B – L2]*
Die volgende benaderings is gebruik:

- Beplanning, strategiebeplanning en die implementering van planne
- Gebaseer op voluntarisme
- Invul van vraelyste

Kopiereg voorbehou

- Loods deur-tot-deur-veldtogte om die mense se eise en griewe in te samel
- Praat met mense by vergaderings en die werksplek
- Verkies verteenwoordigers om mense bewus te maak van/in te lig oor die Vryheidshandves (enige 3 x 2)

5.1.3 *[Ontleed bewyse/inligting uit Bron 5B - L3]*

**Stelling 1**

- Hierdie veldtog het vrywilligers van alle rasse ingesluit – hulle het mense gedurende weeksmiddae en oor naweke in residensiële areas van die groter Johannesburg besoek.

**Stelling 2**

- Hierdie veldtog het die mobilisering van werkers in fabrieke ingesluit, veral in die groter Durban-area is mense gevra om hulle ise voor te lê – die eis wat die meeste voorgekom het was 'n 40 uur-week. (2 x 2)

5.1.4 *[Onttrek bewyse/inligting uit Bron 5C - L1]*

- Om mense se eise en griewe te bekom (2 x 1)

5.1.5 *[Sintese van inligting uit beide Bronne 5B en 5C - L3]*

- Goed beplan en georganiseerd
- Geweldige toegewydheid onder die aktiviste
- Hoofsaaklik gebaseer op demokratiese beginsels - insameling van griewe eerder as om dit voor te skryf (enige 2 x 1)

5.1.6 *[Ontleding van bewyse/inligting uit alle bronne - L4]*

- Dit sluit in die kry van vrywilligers in die program om mense se eise in te samel
- Die meeste mense is vraelyste gegee om hulle eise op in te vul
- Hierdie eise en griewe moes in die Vryheidshandves ingesluit word
- Mense van alle rasse was betrokke by die formulering van die beginsels in die Vryheidshandves (2 x 2)

5.1.7 [*[Onttrek bewyse/inligting uit al die bronne en organiseer dit in 'n paragraaf – L4]*

*Die paragraaf moet op die bewyse/inligting gebaseer uit die bronne verkry wees en moet op die volgende aspekte fokus*:

- Gebaseer op demokratiese beginsels soos deur ZK Matthews bepleit
- Veldtog was goed georganiseer en bestuur
- Die veldtog was deur 'n toegewyde korps vrywilligers geondersteun
- Vrywilligers het mense gewerf deur van vraelyste gebruik te maak

- Vrywilligers het groot areas (stedelik en plattelands) gewerf - gewone mense, werkers en professionele mense uit 'n breë spektrum agtergronde en werke is gewerf
- Enige ander relevante punt

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen<br>• of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **0 – 3 punte** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **4 – 6 punte** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. | **7 – 10 punte** |

(10)
**[50]**

## VRAAG 6: DIE PERIODE 1976 TOT 1994

### 6.1 HOE HET DIE REGSGESINDES REAGEER OP DIE REFERENDUM VAN MAART 1992, WAT SLEGS VIR BLANKES WAS?

6.1.1 *[Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6A – L 2]*
- Wou wys dat die blankes niks het om te vrees nie
- Dat die verhouding op gelykheid gebaseer is
- Om hulle te verseker dat onderhandelinge deeglik beplan sou word (3 x 2)

6.1.2 *[Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6A – L 2]*
- Beeld 'n ongelyke verspreiding van mag uit
- Hierdie verhouding is deur Treurnicht gedomineer
- Treurnicht het instruksies/opdragte aan die tuislandleiers gegee oor wat om te doen (verwysend na 'VASTRAP' wat vir die Bantustanleiers moeilik sou wees om te volg)
- VASTRAP – wou hê dat die tuislandleiers sy instruksies sou volg
- Deur die kleinerende (beledigende) naam 'Gatsha' te gebruik, het gewys dat hy geen respek vir dr. Buthelezi het nie (4 x 2)

6.1.3 *[Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6B – L 2]*
- Hy het dit as nonsens beskryf
- Gebaseer op die geskiedenis, was hy daarvan oortuig dat dit tot mislukking gedoem was
- Dit was ook onprakties om 'n aparte tuisland vir blankes te hê (3 x 2)

6.1.4 *[Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6B – L 2]*
- Om te onderhandel of om 'n dreigende oorlog of uitwissing in die gesig te staar (1 x 2)

6.1.5 *[Interpretasie van bewyse/inligting uit Bron 6B – L 2]*
- Die politikuste het op oordeelsdagprofesieë gekonsentreer om so die kiesers te oorreed om 'NEE' te stem (1 x 2)

6.1.6 *[Ontleding en interpretering van bewyse uit Bron 6B – L 2]*
- Die skepping van tuislande, hoeksteen van apartheid, het gefaal
- Die staat was nie daartoe instaat om die wil van die meerderheid te onderdruk nie
- Die blankes het besef dat die instandhouding van apartheid 'n mors van krag en rykdom was
- Dat apartheid as gevolg van korrupsie en leuens in duie gestort het
- Dominansie van blankes
- Hulp van die internasionale gemeenskap
- Swartes is verneder (4 x 2)

6.1.7 *[Ontleding en interpretasie van bewyse/inligting uit Bronne 6B en 6C – L 3]*

- Treurnicht was bereid om met geselekteerde swart tuislandleiers te onderhandel, terwyl Terre Blanche nie belang gestel het nie.
- Hierdie gewilligheid het beteken dat Treurnicht bereid was om mag met die tuislandleiers te deel, Terre Blanche het nie belanggestel nie.
- Treurnicht het 'n vredeliewende/rustige benadering gehad, terwyl Terre Blanche bereid was om geweld te gebruik.
- Tuislandleiers is as marionette aan 'n lyntjie gesien. (3 x 2)

6.1.8 *[Onttrek inligting uit Bron 6C – L 1]*

- Hulle sou skofbase oorreed om nie ondergronds te gaan nie
- Hulle sou ESKOM-kontroleurs sê om die elektrisiteit af te sny
- Hulle sou 'CODESA' vernietig (2 x 1)

6.1.9 *[Onttrek bewyse/inligting uit beide bronne, maak komplekse interpretasies om sodoende 'n paragraaf te skryf – L 4]*

Die paragraaf moet op die bewyse uit al hierdie bronne gebaseer wees en moet op die meeste van die volgende fokus:

- Die dreigement van geweld moet ernstig opgeneem word
- Dat daar 'n klomp/pak tussen die tuislandleiers en Treurnicht was
- Dat hierdie klomp deur Treurnicht gedomineer sou word
- Dat die AWB, KP en HNP die blanke kiesers kon oorreed om NEE te stem en dat dit nie sou kon realiseer nie, omdat:
  - Die wit kiesers geweet het dat apartheid sou faal
  - Dit vir die toekoms van blankes nodig was om te onderhandel
  - Hulle uit 'n magsposisie sou onderhandel
  - Die ondehandelings tot 'n vreedsame skikking sou lei
  - Die gewapende magte op 'n gereedslagbasis was

Gebruik die volgende om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Kan nie bewyse onttrek nie<br>• of onttrek bewyse uit bronne op 'n baie elementêre wyse.<br>• Gebruik bewyse in 'n mate om oor die onderwerp verslag te doen<br>• of kan nie oor onderwerp skryf nie. | **0 – 3 punte** |
| **VLAK 2** | • Onttrek bewyse uit bronne wat meestal relevant is<br>• Bewyse wat onttrek is hou in 'n groot mate verband hou met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne op 'n baie basiese wyse. | **4 – 6 punte** |
| **VLAK 3** | • Onttrek relevante bewyse uit bronne<br>• Bewyse wat onttrek is hou baie goed met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse uit bronne baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf<br>• Paragraaf toon 'n begrip van die onderwerp. | **7 – 10 punte** |

(10)

**[50]**

**TOTAAL: 200**